# HEBREËRS 5:8-14

**TEMA:** **Spieëlbeeld van die Vader**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*).

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: HEBREËRS 5:8-14

**Heb 5:8 Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het;**
**Heb 5:9 en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword**
**Heb 5:10 en is deur God genoem 'n hoëpriester volgens die orde van Melgisédek;**
**Heb 5:11 waaroor ons veel te sê het wat swaar is om te verklaar, omdat julle traag geword het om te hoor.**
**Heb 5:12 Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat 'n mens julle die eerste beginsels van die woorde van God moet leer, en julle het weer behoefte aan melk en nie aan vaste spys nie.**
**Heb 5:13 Want elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy 'n kind is.**
**Heb 5:14 Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei.**

**-o0o-**

In ons vorige lesing, **Die Hoëpriester Amp** (Heb 4:17- Heb 5:8) bespreek ons hoe die ewige hoëpriester uit die hemele gekom het en deur die hemele gegaan het. Die seun van God, die Volmaaktheid van die hoë priesterskap wat aarde toe moes kom as mens, maar nie met swakhede beklee soos die hoëpriester van die Äaron verbond nie, maar met krag en sterkte beklee soos die hoëpriester van Melgisédek.

Lees asseblief daardie lesing, Die Hoëpriester Amp, om by hierdie lesing aan te sluit.

### 1. GEHOORSAAM

**Heb 5:8 Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het**

Christus Jesus, die Woord het alreeds presies van Sy lyding geweet, sedert voor die grondlegging van die wêreld, maar was bereid om in volkome gehoorsaamheid te ly net vir een rede, om Sy Vader te verheerlik. Dit is wat die Vader van Hom verwag het en Hy was bereid om dit te doen omdat Hy Sy Vader eerbiedig.

### 2. STREWE NA VOLMAAKTHEID

**Heb 5:9 en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword**
**Heb 5:10 en is deur God genoem 'n hoëpriester volgens die orde van Melgisédek;**

Hy het volmaak geword omdat Hy die volmaakte was. Net in die Vader, in die Godheid, kan ons volmaak word en net as ons die rol vertolk en vervul wat die Godheid oor ons beplan het voor die grondlegging van die wêreld. In Psalm 139 lees ons van die boek wat Hy oor ons geskryf het en dat Hy elke dag bepaal het, toe die dae nog nie daar was nie Dit is die volmaaktheid van die rol wat ons moet speel in die raadsplan van God.

-o0o-

- **Wanneer het Christus volmaak geword?**

Christus het volmaak geword die oomblik toe Hy die rol vervul het wat God die Vader vir Hom beplan het om te vervul. Dit is nie Hy wat volmaak is nie. *Dit is die rol wat vertolk word wat volmaak is*. Ons kan alleenlik volmaak word as ons die volmaakte rol wat voor die grondlegging van die wêreld bepaal is, vervul. Dan eers kan ons die woorde hoor: "Mooi so goeie en getroue dienskneg" en dan eers kan ons met meer toevertrou word. Daarom sê hy**:** en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword**.**

Dit is daardie ewige saligheid wat Hy dan vir ons bewerk het en is deur God genoem 'n hoëpriester volgens die orde van Melgisédek. Hy word nie genoem die ewige hoëpriester van Aäron nie.

**Heb 5:11 waaroor ons veel te sê het wat swaar is om te verklaar, omdat julle traag geword het om te hoor.**

Die Aäron verbond was daar gewees vir die Jood. Ek glo in my hart dat as die Jood gehoorsaam was en hy gedoen het wat God gesê het soos wat Abraham, Isak, Jakob, Josef en al die manne wat God gevolg het, sou daar nooit 'n Aäron verbond gewees het nie. Dit is as gevolg van die hardkoppigheid van die volk dat God strawwe moes uitdeel. Om daardie hardnekkige, hardkoppige, en wederstrewige volk amper soos met 'n stang in die mond te moes hanteer en beheer, het Moses die Wet op die berg Sinai ontvang.

Ons moet onthou die verbond is reeds met Abraham gemaak en die besnydenis is reeds daarin gebring, maar saam met dit gaan ook Melgisédek. Abraham was die Vader soos ons gesê het in die vorige lesing (die Hoëpriester Amp), maar Melgisédek was die hoëpriester en Isak was die seun. Die Drie Eenheid is die Vader, Seun en Heilige Gees. Dit is die verbond en dit is 'n heenwysing na die volkome tyd wanneer Christus Jesus volkome sal word. Dit is waarom Hy sê wat swaar is om te verklaar, omdat julle traag geword het om te hoor*.* Die mense bestudeer nie die skrifte nie. Hulle is nog nie in daardie plek nie.

3. **BABA KOS**

**Heb 5:12 Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat 'n mens julle die eerste beginsels van die woorde van God moet leer, en julle het weer behoeftes aan melk en nie aan vaste spys nie.**

Mense, dit is harde woorde wat die Here hier vir ons sê. Hoeveel van ons word nog steeds soos babas 'n bietjie melk en stukkies kos gegee? Dit is waarom ek sê "*kerk toe gaan, gaan ons niks help nie*". Die samekoms van die Heiliges is daar om ons op te bou vir die dienswerk van die Here. Die Bruid is beklee met rein fyn linne wat die regverdige dade van die Heiliges is. Dit is hulle wat in die Verbond (covenant) staan wat geestelike groei en lewe kan voortbring.

4. **VOLWASSENHEID**

**Heb 5:13 Want elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy 'n kind is.**
**Heb 5:14 Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei.**

Is ons regtig in die Verbond? In die eerste plek met wie word 'n verbond gemaak?

As ons Eségiël 16 bestudeer sal ons sien die Vader het nie dadelik na Israel toe gegaan en Sy liefde vir haar aangebied nie. Hy het haar eers grootgemaak sodat sy van baba na volwassenheid kon groei. Die tyd van die liefde het eers agterna in proses gekom toe die meisie in so 'n posisie was dat sy liefde kon verstaan, ervaar en ontvang.

Onthou dit is die vrug van die liefde tussen Bruid en Bruidegom wat voortbring. Dit is net 'n volwasse vrou wat 'n bruid word, nie 'n dogtertjie nie. Sy kan slegs Bruid word wanneer die kwalifikasies volg op haar geestelike groei. Sy kan nie 'n Bruid wees as sy nog met melk gevoed word nie. Waar julle eintlik veronderstel is om

alreeds in volwassenheid te kan funksioneer moet julle nog gevoer word. Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei (vers 14). Verwys ook lesing: Messias-kind = Paragraaf "Om Bruid te Word"

Soveel kinders van die Here sukkel nog met sonde in hulle lewe. As jy vol is van die heerlikheid van God behoort jou beker oor te loop. As jy byvoorbeeld 'n glas opvul met muntstukke en daar kan nog iets ingegooi word, was die glas nog nie vol nie. Jy is alleenlik vol as jy oorloop en as jy oorloop kan niks anders binnekant wees behalwe dit waarvan jy oorloop nie. Waarvan die hart vol is loop die mond van oor.

Waar staan ons as kinders van God? Is ons regtig tot oorlopens toe vol? Die antwoord is nee verseker nie. Die duiwel het nog plek in ons lewe, want daar is leemtes en ons is nog verlief op die wêreld. Geld, ontrou en ander wêreldse dinge is belangriker as die Here en ons dink Hy sal verstaan. Nee, dit is nie hoe dit werk nie.

'n Volwassene is in 'n verbond wat ten alle tye uitgeleef moet word. Om die Vader te verheerlik moet uiteraard die Bruid se enigste begeerte wees, net soos wat dit Christus se hele wese was. Hy wat gesê het Dit is my geliefde seun in wie Ek 'n welbehae het (Matt 17:5).

## 5. SPIEËLBEELD

Soos met 'n refleksie beeld in 'n spieël, moet dit wat Hy in my gesit het, dupliseer. Die Seun moet kan sê "Ek wil alleenlik aan die volkome wil van my Vader voldoen". Die Bruid is deel van Sy liggaam, Sy kerk, Sy verbond. Ons hele refleksie, ons hele wese moet soos Hy wees, want Hy het Sy hele wese vir ons kom gee. Dan eers is ons in die verbond; dan eers kan ons sê, ons is Bruid. Dit gaan nie oor my of oor wêreld se dinge nie. Dit gaan oor niks anders as om daardie volkome volmaakte verbond wat God met my gemaak het in Christus Jesus, hoe ek dit uitleef. Net jy en ek kan daardie antwoord gee vandag.

- **Oefening**

Daarom sê Hy Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, (Heb 5:12) want as jy jou laat leer sal jy ander kan leer. As jy tyd spandeer met iets deur herhaaldelik soos byvoorbeeld 'n muurprop te herstel, raak dit makliker. Net so met die voorbeeld van die glas en die muntstukke. Hoe meer tyd jy met Hom spandeer, hoe meer sal Hy aan jou openbaar. Soos wat jy die openbaring gekry het van die opstanding sal jy vir ander kan vertel van Hom. Jy sal 'n getuienis in jou lewe dra en dit sal eerste rang se getuienis wees en nie van hoor-sê nie. Met eerste rang se getuienis weet jy waarvan jy praat.

Laat toe dat die Gees van die Here verder met julle werk, jou deursoek. Dan sal jy sien of jy regtig besig is om in die Verbond te lewe.

- ♦ Dit gaan nie oor dienswerk nie, dit gaan oor die vervulling van jou roeping in die samelewing elke dag van jou lewe en of jy Christus Jesus jou Bruidegom verheerlik. Baie mense sê "Ja maar ek staan voor in die kerk en ek dien die Here". Dit het niks daarmee te doen nie.
- ♦ Dit gaan oor 'n spieëlbeeld van Christus in hierdie wêreld. Soos Christus die spieëlbeeld was van die Vader se liefde vir ons, so moet ons 'n spieëlbeeld wees. Ons moet Sy liefde weerkaats vir die wêreld.

Mag die Here julle seën in hierdie dag

-o0o-